Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# GRAAD 12

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

# VRAESTEL 1

# JUNIE 2019

**PUNTE : 120**
**TYD : 2 ½ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 30 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**



# Pa rig af ná dogter se wens om sokker te speel

1 Net omdat sokker ’n sport is wat deur mans oorheers word, beteken dit nie ’n meisie kan dit nie doen nie. Dít is die boodskap wat Harold Johnson (35) aan die meisies wil oordra wat sokker wil speel.

2 Dié pa van twee het in Mei verlede jaar besluit om ’n meisiesokkerspan by die Tramway Football Club in Southfield, Kaapstad te begin, nadat sy dogter een oggend vir hom gesê het sy wil graag sokker speel.

3 “Kira (6) het een oggend vir my kom sê sy wil graag sokker speel, omdat haar broer sokker speel. Ek het besef daar is nie eintlik ’n meisiespan waarby sy kan aansluit nie. “Dit is een van die hoofredes waarom ek die span begin het,” het Johnson, ‘n konsultant vir GeoTech Resourcing, gesê. Johnson rig al vir die afgelope sewe maande sokker af vir die meisies tussen die ouderdom van drie en 12 jaar. Hy het voorheen by Grassroot Sokker, die o.7-seunspan, afgerig.

4 Daar is tans nie baie sokkerspanne vir meisies nie en die span het verlede jaar net teen seuns gespeel. “Vanjaar het ons met die Kaapstad-Tygerberg-sokkervereniging gepraat en gevra hulle moet probeer om meer meisiesokkerspanne in ons omgewing op die been te kry. As hulle meer daarop fokus, kan ons meer meisies betrokke kry. Ons hoop om vanjaar teen meer meisiespanne te speel, maar op die oomblik hang alles in die lug,” sê Johnson.

5 “Hoewel hulle nie verlede jaar al hul wedstryde gewen het nie, gaan dit nie uitsluitlik daaroor nie”, sê Johnson. “My filosofie het nog altyd oor die ontwikkeling van vaardighede gegaan, eerder as om ten alle koste te wen. Op dié ouderdom gaan wen daaroor om dit wat jy op die oefenveld geleer het op die wedstryddag te doen,” sê hy. Deur te oefen word die meisies fiks, hul liggame is gesonder en hul breinkapasiteit verbeter.

6 Die tienjarige Tatum Ryan, wat al sedert die begin vir die meisiespan speel, is baie opgewonde om deel van die span te wees. “Ek wou nog altyd sokker speel. Toe ek hoor dat meneer Johnson die span begin, was ek baie opgewonde,” sê Tatum. Sy sê ook sy geniet dit om teen seuns te speel en dit is lekker om hulle op die sokkerveld ore aan te sit.

7 Tamia Saffier (11) het by die span aangesluit omdat sy by haar skool saam met die seuns sokker gespeel het. “Dit was vir my lekker om saam met die seuns sokker te speel. My skoolskoen het ook eendag gebreek omdat ek saam met

hulle sokker gespeel het," sê sy. Vir Tamia het die sokkerspan aan haar die geleentheid gebied om nuwe vriende te maak en ook haar sokkervaardighede te ontwikkel.

8 Johnson voel dat hy sy plig as vader nagekom het. Hy sê dat meisies wat belangstel om sokker te speel hom gerus kan kontak.

[Verwerk uit: Die Burger, 10 Febr 2017]

1.1 Hoe oud is Harold Johnson? (1)

1.2 Hoeveel kinders het Johnson? (1)

1.3 In watter stad het hy begin om sokker vir meisies af te rig? (1)

1.4 Waarom wou Kira graag sokker speel? (1)

1.5 Haal 'n sin uit paragraaf 3 aan om te wys dat Johnson nooit daaraan gedink het dat daar nie 'n meisiesokkerspan was nie. (1)

1.6 Watter soort werk het Johnson gedoen behalwe om sokker af te rig, volgens paragraaf 3? (1)

1.7 Verduidelik waarom die stelling hieronder ONWAAR is. Paragraaf 3.

Johnson rig volwasse vroue sokker af. (1)

1.8 Watter span het hy voorheen afgerig? (1)

1.9 Dink jy dit is regverdig dat meisies teen seuns moet sokker speel? Motiveer. (1)

1.10 Skryf EEN woord uit paragraaf 4 neer wat dieselfde beteken as konsentreer. (1)

1.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.11) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 1.11 E.

Wat beteken die uitdrukking: hang alles in die lug (paragraaf 4)?

A onafgehandel
B gevorderd
C voltooid
D onseker (1)

1.12 Haal 'n gedeelte van 'n sin aan uit paragraaf 5 om te wys dat die meisies ook van hul wedstryde verloor het. (1)

1.13 Kies 'n woord uit die woordbank wat dieselfde beteken as filosofie.

| | | |
|---|---|---|
| denkrigting, | lewensuitkyk, | sokkerkenner |

(1)

1.14 Noem TWEE redes waarom dit goed is vir die meisies om te oefen. (2)

1.15 Haal ‘n woord aan uit paragraaf 6 om te bewys dat Tatum gelukkig is om deel van die span te wees. (1)

1.16 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Tatum het dit geniet om teen seuns te speel en hulle (te wen/in hul ore te skreeu). (1)

1.17 Watter ongeluk het gebeur toe Tamia saam met die seuns sokker gespeel het? Paragraaf 7. (1)

1.18 Watter TWEE voordele het die sokkerspelery vir Tamia ingehou volgens paragraaf 7? (2)

1.19 As jy weer na die opskrif van die artikel kyk dink jy dat die pa aan sy dogter se wens voldoen het? Motiveer. (1)

1.20 Dink jy Johnson sou weer meisiesokker in die toekoms wou afrig? Paragraaf 8. Motiveer. (1)





1.21 Dink jy dit is belangrik om alles wat jy aanpak te wen? Motiveer. (1)

1.22 Verduidelik waarom die feit dat slegs mans kan sokker speel beskou word as stereotipering? (1)

**[24]**

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.

| Naam:  | Foto:  | Gewig:  | Vorm:  | Jare:  | Kleur:  |
|---|---|---|---|---|---|
| Sokkerbal |  | 400-440 g | Rond, 32 panele | 1863 | Wit en swart |
| Golfbal |  | 45.9 g | Rond met dimpels | 1905 | Wit |
| Tennisbal |  | 2.10 g | Rond | 1872 | Geel |
| Rugbybal |  | 410-450 g | Ovaal | 1823 | Bruin |
| Krieketbal |  | 136 g | Rond | 1877 | Wit |


[Verwerk uit *Google*]

1.23 In watter opsig verskil die rugbybal se vorm van die ander balle? (1)

1.24 Wat word gebruik om die foto's van die balle te neem? (1)

1.25 Watter sport is die oudste volgens die tabel? (1)

1.26 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die  - simbool stel die (omtrek/gewig) van die balle voor. (1)

1.27 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.27) en die letter (A - D) neer, byvoorbeeld 1.27 E.

Die doel van die visuele teks is om vir ons te wys dat verskillende balle …

A verskillende hoogtes kan hop.
B almal dieselfde kenmerke het.
C verskillende eienskappe het.
D almal swart en wit is. (1)

1.28 Waarom noem ons hierdie teks 'n visuele teks? Gee EEN rede. (1)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: WAAROM IS WATER GOED VIR JOU?

- Som in SEWE VOLSINNE op **waarom water vir jou goed is**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**WAAROM IS WATER GOED VIR JOU?**

As jy sweet terwyl jy oefen hou dit jou liggaam koel. Jy moet water drink sodat jou liggaam nie dehidreer nie. Wanneer jou liggaam dehidreer, kan dit baie gevaarlik vir jou gesondheid wees.

Jy moet genoeg water inneem wanneer jy oefen want dit gee jou meer krag. Moenie te veel water op een slag probeer drink nie. Neem liewer minder op ‘n keer in.

Wanneer jy water drink voor, terwyl en na jy eet, sal dit help om jou kos makliker te verteer. As jy water na ete gedrink het moet jy vir 45 minute nie weer eet of water drink nie. Swak spysvertering kan tot baie probleme lei.

Water help die liggaam om vitamiene en minerale in kos op te los. Dit maak dit dan maklik vir die liggaam om dit op te neem.

Studies het bewys dat mense makliker gewig verloor wanneer hulle baie water drink. Om net vaste kos in te neem sal jou laat gewig optel.

Wanneer jy water drink kan dit jou metabolisme en die energie in jou liggaam verhoog. Meer vet word dus in die liggaam verbrand.

Almal van ons sukkel soms om te fokus en te onthou. Wanneer jy genoeg water drink kan dit help om jou brein se funksie te verhoog.

https://www.everydayhealth.com

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

(3.1) **Jy oefen hard.**

**ENERGIE** is die (3.2) (goed) sportdrankie vir jou!


**ENERGIE** is (3.3) (vol) minerale en vitamine.


Dit moet yskoud gedrink word.

(3.5)



(3.6)
LEKKERR(?/!)



(3.9) Jy kan nie sonder "ENERGIE" oefen nie ...

[Bron: Eie teks]

3.1 Skryf die onderstaande stelsin oor as 'n VRAAGSIN.

Jy oefen hard. (1)

3.2 Skryf die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies neer.

"ENERGIE" is die (goed) drankie vir jou. (1)

3.3 Gee die INTENSIEWE VORM van "vol". (1)

3.4 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Atlete moet energiedrankies drink.

Begin só: Energiedrankies moet ... (1)

3.5 Gee EEN rede waarom die prentjie by hierdie advertensie pas. (1)

3.6 Kies die korrekte LEESTEKEN wat by die woord pas.

LEKKER (?/!) (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.7) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 3.7 E.

Alle manne sal van hierdie drankie hou.

Hierdie sin is 'n voorbeeld van ...

A ironie.
B kontras.
C sarkasme.
D stereotipering. (1)

3.8 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

3.9 Is die stelling 'n FEIT of 'n MENING? Motiveer.

Jy kan nie sonder "ENERGIE" oefen nie. (1)

3.10 Waarom, sal jy sê, die naam "ENERGIE" pas by die produk? (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees en bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**

Raampie 1 Raampie 2 Raampie 3




4.1 Voltooi die sin hieronder deur die korrekte VOORSETSEL in te vul.

Die seun sit ... sy skoolbank. (1)

4.2 Skryf die sin in raampie 1 oor in die INDIREKTE REDE.

Ek sien baie uit na die rugbytoer.

Begin so: Neelsie sê dat hy ... (1)

4.3 Kyk na raampie 1.

Wat laat jou dink dat Neelsie opgewonde is oor die rugbytoer? (1)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord uit díe tussen hakies.

Neelsie se trui het (kolle/strepe) op. (1)

4.5 Die woord **rugby-toer** bestaan uit twee lettergrepe. Verdeel nou die naam **Neelsie** in LETTERGREPE. (1)

4.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.6) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 4.6 E.

In raampie 2 sê meneer dat hy bly is dat Neelsie **vir 'n slag** entoesiasties is oor iets.

**vir 'n slag in** die bogenoemde sin**,** beteken dat Neelsie **...**

A altyd uitsien om sy skoolwerk te doen.
B gewoonlik opgewonde is oor alles.
C nie gewoonlik entoesiasties is nie.
D 'n vrolike seun is. (1)

4.7 Verbind die sinne hieronder met die VOEGWOORD tussen die hakies.

Neelsie is opgewonde oor die rugbytoer. Dit is eers oor twee weke. (maar) (1)

4.8 Kies die korrekte vorm van die INFINITIEF in die hakies.

Neelsie behoort in gedagte (te/om te) hou dat die rugbytoer eers oor twee weke plaasvind. (1)

4.9 Kies die KORREKTE woord uit die woordbank.

Meneer het ‘n bles en ... hare.

| | | |
|---|---|---|
| te veel; | baie min; | ‘n klomp |

(1)

4.10 Dink jy Neelsie is ‘n leerder wat baie van skool hou. Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAAG 5**

Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F: LEESTEKS**

## SKOOLSPORT

(5.1) (Franse skole) steur hulle nie veel aan sport nie. ’n Skooldag is lank, die akademiese (5.2) (standaard/standard) is hoog. (5.3) (Die/’n) kinders kry van (5.4) (graad) een af elke dag huiswerk – daar is net nie genoeg ure in die dag om boonop (5.5) (balle/agter/aan) te hardloop nie.

My seun, is nou al (5.6) (8) jaar op skool en is al by sy sesde klub. Van (5.7) (basketbal en sokker tot atletiek) en hengel.

Toe ek op skool was, kon ek kies tussen atletiek, swem, tennis, netbal en hokkie. Dis al. Sekere (5.8) (aktiwiteit) soos netbal en krieket, was bestem vir sekere geslagte. Dit was die reëls en daar was net mooi niks wat (5.9) (jou/jy) daaraan kan doen nie.

Stel jou dus voor hoe verbaas ek was toe my dogter my vanjaar meedeel dat sy by ons dorp se (5.10) (sokker+klub) wil aansluit om saam met Paul en Valentine sokker te speel! Ek het niks teen sokker nie, maar Paul en Valentine is tog ... (5.11) seuns!

Ek het sidderend teruggedink aan my eie skooldae. (5.12) ‘n Meisie sou in enige rugbyspan welkom wees. Mia het aangehou tot sy haar sin gekry het. Sy het (5.13) (geken/geweet) haar ma sou uiteindelik ingee. Die afrigter het my (5.14) (dogter) geamuseerd dog geesdriftig verwelkom. Nou speel my rebelse dogter elke week doelwagter saam met ‘n spul rowwe seuntjies op ‘n modderige grasveld terwyl haar meisiemaats balletklasse bywoon.

[Verwerk uit: Sarie – 20 November 2008]

5.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Franse skole stuur hulle nie veel aan sport nie.

Franse skole verwys na skole in (Frankryk/Frankfort). (1)

5.2 Kies die woord tussen hakies wat korrek GESPEL is.

Die akademiese (standaard/standard) is hoog. (1)

5.3 Kies die KORREKTE LIDWOORD tussen hakies.

(Die/'n) kinders kry van ... (1)

5.4 Gee die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

Kinders kry van (graad) een af elke dag huiswerk. (1)

5.5 Skryf die sin oor en rangskik die woorde tussen hakies in die korrekte VOLGORDE.

Daar is net nie genoeg ure in 'n dag om boonop (balle/agter/aan) te hardloop nie. (1)

5.6 Skryf die GETAL tussen hakies volledig uit.

My seun is nou al (8) jaar op skool. (1)

5.7 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Van (basketbal en sokker tot atletiek) en hengel. (1)

5.8 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Sekere (aktiwiteit) soos netbal en krieket, was bestem vir sekere geslagte. (1)

5.9 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies.

Dit was die reëls en daar was net mooi niks wat 5.9 (jou/jy) daaraan kan doen nie. (1)

5.10 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Stel jou dus voor hoe verbaas ek was toe my dogter my vanjaar meedeel dat sy by ons dorp se 5.10 (sokker+klub) wil aansluit om saam met Paul en Valentine sokker te speel! (1)

5.11 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord tussen hakies.

Ek het niks teen sokker nie, maar Paul en Valentine is tog ... (seuns)! (1)

5.12 Skryf die sin hieronder in die ONTKENNENDE VORM.

‘n Meisie sou in enige rugbyspan welkom wees. (1)

5.13 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.


Sy het (geken/geweet) haar ma sou uiteindelik ingee. (1)

5.14 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Die afrigter het my (dogter) geamuseerd dog geesdriftig verwelkom. (1)
**[14]**

5.2

**TEKS G: PRENT**




[Bron: Google Images]

5.2. Kies telkens die korrekte woord uit die hakies.

5.2.1 Die speler het seergekry en huil dat die (trane/sweet) spat. (1)

5.2.2 Daar lê ‘n (tennisbal/sokkerbal) op die gras. (1)

5.2.3 Die gereedskap in die tas lyk asof dit aan ‘n (werktuigkundige/dokter) behoort. (1)

5.2.4 Die noodhulpbeampte (spyt/spuit) vloeistof op die speler se knie. (1)

5.2.5 Die saag het (vlymskerp/doodskerp) tande. (1)

5.2.6 Die noodhulpbeampte dra (glase/bril) om beter te kan sien. (1)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die verhale.

**VRAAG 6:**
**VERHAAL A: "DIE LAS" (20)**
**EN**
**VERHAAL B: "'n MAN KOM TUIS" (20)**

**VERHAAL A: "DIE LAS" – Margaret Bakkes**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Jou pa is dood. Jou pa is dood. Die woorde het ritmies in Schalkie se brein gehamer. En toe skielik weet hy dat sy oupa die waarheid praat. Oom Frans se gesig het hom vertel. Sy pa is dood.
> Die ou man kon sien dat Schalkie nou begryp. Hy het gewag vir die onvermydelike trane. Maar dit het nie gekom nie. Die seuntjie het wesenloos voor hom uitgekyk. Sy stem was grof en vreemd toe hy praat.

6.1 Hoe oud was Schalkie toe sy pa dood is? (1)

6.2 Waar het Schalkie se pa aan 'n hartaanval gesterf? (1)

6.3 Wat was "die las" wat Schalkie na sy pa se dood moes dra? (1)

6.4 Wie het vir Schalkie geleer om so goed albaster te speel? (1)

6.5 Schalkie was die eerste persoon wat gehoor het dat sy pa dood is.
Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.6 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin mee te voltooi:
Schalkie se ma was 'n klein vroutjie, daarom het sy pa haar partykeer hoog opgetel en ...... genoem. (Mammatjie; Liefie; Veertjie) (1)

6.7 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas.
Skryf die vraagnommer 6.7.1 - 6.7.4 en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.7.1 Lida Verhoef<br>6.7.2 Dirk van Graan<br>6.7.3 Faans<br>6.7.4 Oupa | A. ...het Schalkie se las ligter probeer maak.<br>B. ...het besluit om te verhuis.<br>C. ...het vir Schalkie vertel sy pa is dood.<br>D. ...het albaster saam met Schalkie gespeel.<br>E. ...het Schalkie se pa doodgemaak. |

(4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae:

| |
|---|
| Hy was nie onbewus van die skielike vreugde op die seun se gesig nie. Hy was egter totaal onvoorbereid vir die vrou se heftige reaksie.<br>“Meneer van Graan, Schalkie en ek is so gelukkig as wat ons in die omstandighede kan wees. Hoekom lok jy hom altyd weg? Hy is niks van jou nie. Hy is my kind, al wat ek het. Los ons asseblief. Ek is seker hy wil nie saam met jou gaan nie.”<br>Die kind se gesig was asvaal. Hy het soos ‘n vasgekeerde diertjie na die twee grootmense gekyk. Toe het die veer wat maande lank in hom tot die uiterste gespan was, gebreek. |

6.8 Kies die korrekte antwoord. Skryf die vraagnommer (6.8) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.8 E.

Wat is die boodskap van hierdie verhaal?

A ‘n Kind moet een van die ouers oppas nadat een gesterf het.
B ‘n Kind moet speel en groot verantwoordelikheid dra.
C ‘n Kind moet vry wees sonder ‘n las wat op sy hart druk.
D ‘n Kind moet sy pa se plek inneem as die pa gesterf het. (1)

6.9 Skryf die volgende gebeurtenisse onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal plaasgevind het:

A Schalkie het die blou-groen ghoen by die venster uitgegooi.
B Schalkie het saam met sy ouma na sy pa se begrafnis gegaan.
C Schalkie het weer teruggegaan skool toe.
D Schalkie het vir die eerste keer in sy kamer gehuil. (4)

6.10 Hoekom dink jy was dit verkeerd van Schalkie se ma om hom te vra om op te hou rugby speel? (1)

6.11 Kies die korrekte antwoord. Skryf die vraagnommer (6.11) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.11 E.

“Schalkie het **soos ‘n vasgekeerde diertjie** na die twee grootmense gekyk”, is ‘n voorbeeld van ‘n:

A metafoor
B personifikasie
C vergelyking
D kontras (1)

6.12 Gee EEN rede waarom dit vir Schalkie goed sou wees as Dirk van Graan met sy ma trou. (1)

6.13.1 Hoe voel jy oor Schalkie se ma? (1)
6.13.2 Hoekom voel jy so? (1)

**[20]**

**EN**

**VERHAAL B: "'n MAN KOM TUIS" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Heelpad gesels my passasier land en sand oor dit en dat. Hy gesels die reën skoon weg.<br>Hy vertel my van sy lewe as padmaker. Dis harde werk ja, dis heeldag in die warm son, dis stof en lawaai, maar nee wat, hy geniet dit, verseker hy my. Hy hou daarvan om paaie te maak. Een dag staan jy nog so en jy sien die onbegaanbare berg, en jy weet: daardie berg gaan ek tem met my span geel ysterperde.<br>***<br>"Dit vat 'n rivier eeue om vir homself 'n lekker pad te maak. Dit neem my 'n maand." |

6.14 Wie is die verteller se passasier? Skryf sy VAN neer. (1)

6.15 Die verteller het dadelik gesien dat die man langs die pad wou saamry. Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.16 Watter bagasie het die padmaker by hom gehad? Noem EEN item. (1)

6.17 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin hieronder mee te voltooi: Die padmaker het sy gesin een maal per ...... gesien. (jaar; maand; week) (1)

6.18 Kies die korrekte antwoord. Skryf die vraagnommer (6.18) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.18 E.

"Dit **vat 'n rivier eeue om vir homself 'n lekker pad te maak**" is 'n voorbeeld van:

A kontras
B 'n metafoor
C vergelyking
D personifikasie (1)

6.19 Noem EEN rede waarom die padmaker van sy werk gehou het. (1)

6.20 Skryf die volgende insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

A Die padmaker het met al sy goedjies huis toe gestap.
B Die padmaker het die verteller van sy lewe en werk vertel.
C Die verteller het die padmaker in die hoofstraat afgelaai.
D Die padmaker se gesin het hom gesien en na hom toe gehardloop. (4)

6.21 Gee EEN rede hoekom jy dink dat die padmaker 'n goeie mens is. (1)

6.22 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf die vraagnommer 6.22.1 - 6.22.4 en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.22.1 'n Tent<br>6.22.2 Langs die spruit<br>6.22.3 By die hek<br>6.22.4 Op die stoep | A. ...is waar die man se kinders saam met die hond staan en wag.<br>B. ...is waar die padmaker bly terwyl hy aan die paaie werk.<br>C. ...is waar die padmaker en sy gesin woon.<br>D. ...is waar die verteller die padmaker opgelaai het.<br>E. ...is waar die padmaker se vrou vir hom wag. |

(4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Ek het gery. Maar 'n blok verder op die ingewing van die oomblik in 'n dwarsstraat afgedraai en tot onder langs die spruit gery. Toe draai ek links en ry tot by die volgende straathoek, hou stil en klim uit.
> Na 'n ruk kon ek hom sien aankom. Ek het 'n huis gesoek wat syne kon wees -

6.23 Wie het die padmaker eerste sien aankom? (1)

6.24 Wat sou jy gedoen het nadat jy die padmaker afgelaai het as jy die verteller was? (1)

6.25 Kies die korrekte antwoord. Skryf die vraagnommer (6.25) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.25 E.

Die padmaker se gesin was altyd baie bly om hom te sien. Watter les kan jy hieruit leer?

A 'n Man moet gereeld vir sy gesin geld huis toe bring.
B Gesinne bly lief vir mekaar, al sien hulle mekaar min.
C 'n Man moet op enige plek werk waar hy werk kan kry.
D Gesinne moet tuis wees wanneeer die pa huis toe kom. (1)

6.26 Gee TWEE redes waarom dit vir jou moeilik sal wees om ver van jou familie af te bly en hulle nie gereeld sien nie. (2)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**GROOTTOTAAL: 120**